



Values and Preferences Form Waardes- en Voorkeurevorm

Planning for my future care Beplanning vir my toekomstige versorging

EMR000120

What is a Values and Preferences Form? Wat is 'n Waardes- en Voorkeurevorm?

A Values and Preferences Form can be used to make a record of your values, preferences and wishes about your future health and personal care.

'n Waardes- en Voorkeurevorm kan gebruik word om jou waardes, voorkeure en wense oor jou toekomstige gesondheidsorg en persoonlike versorging aan te teken.

What is advance care planning? Wat is vooraf-versorgingsbeplanning?

Advance care planning is a voluntary process of planning for future health and personal care that can help you to:

Vooraf-versorgingsbeplanning is 'n vrywillige proses van beplanning vir jou toekomstige gesondheidsorg en persoonlike versorging. Dit kan jou help om:

- think through and plan what is important to you and share this plan with others
- wat vir jou belangrik is te deurdenk, te beplan en dit met ander te deel
- describe your beliefs, values and preferences so that your future health and personal care can be given with this in mind
- jou oortuigings, waardes en voorkeure te beskryf sodat dit in gedagte gehou kan word wanneer jou toekomstige gesondheidsorg en persoonlike versorging verskaf word
- take comfort in knowing that someone else knows your wishes in case a time comes when you are no longer able to tell people what is important to you.
- gerus te voel deur te weet iemand anders weet wat jou wense is ingeval 'n tyd aanbreek wanneer jy nie meer kan deel wat vir jou belangrik is nie.

This form is one way to record your advance care planning discussions in Western Australia.

Hierdie vorm is manier om besprekings in verband met jou vooraf-versorgingsbeplanning in Wes-Australië aan te teken.

Why is the Values and Preferences Form useful? Waarom is die Waardes- en Voorkeurevorm nuttig?

Thinking through the questions in the form may help you to consider what matters most to you in relation to your health and personal care and what you would like to let others know. Your wishes may not necessarily be health related but will guide treating health professionals, enduring guardian(s), and/or family and carer(s) when you are unwell including any special preferences, requests or messages. This is particularly useful at times when you are unable to communicate your wishes.

Om aan die vrae in die vorm te dink, kan jou help om te oorweeg wat vir jou belangrik is met betrekking tot jou gesondheid en persoonlike sorg en wat jy graag wil hê ander moet weet. Jou wense is dalk nie noodwendig gesondheidsverwant nie, maar sal behandelende gesondheidswerkers, blywende voog(de) en/of familie en versorger(s) lei wanneer jy siek is, insluitend enige spesiale voorkeure, versoeke of boodskappe. Dit is veral nuttig in tye wanneer jy nie jou wense kan kommunikeer nie.

Are health professionals required to follow my Values and Preferences Form?

Word gesondheidswerkers verplig om my Waardes- en Voorkeurevorm te volg?

The Values and Preferences Form is a non-statutory document as it is not recognised under specific legislation. In some cases, a Values and Preferences Form may be recognised as a Common Law Directive.

Die Waardes- en Voorkeurevorm is 'n nie-statutêre dokument aangesien dit nie onder spesifieke wetgewing erken word nie. In sommige gevalle kan 'n Waardes- en Voorkeurevorm as 'n Gemeenregtelike riglyn erken word.

Common Law Directives are written or verbal communications describing a person's wishes about treatment to be provided or withheld in specific situations in future. There are no formal requirements for making Common Law Directives. It can be difficult to legally establish whether a Common Law Directive is valid and whether it should or should not be followed. For this reason, Common Law Directives are not recommended for making treatment decisions. If you intend to use this form as a Common Law Directive, you should seek legal advice.

Gemeenregtelike Riglyne is geskrewe of mondelinge kommunikasie wat 'n persoon se wense beskryf oor behandeling wat in spesifieke situasies in die toekoms verskaf of weerhou moet word. Daar is geen formele vereistes vir die maak van Gemeenregtelike Riglyne nie. Dit kan moeilik wees om wetlik vas te stel of 'n Gemeenregtelike Riglyn geldig is en of dit gevolg moet word of nie. Daarom word Gemeenregtelike Riglyne nie aanbeveel om behandelingsbesluite te neem nie. As jy van plan is om hierdie vorm as 'n Gemeenregtelike Riglyn te gebruik, moet jy regsadvies verkry.

What is the difference between a Values and Preferences Form and an Advance Health Directive?

Wat is die verskil tussen 'n Waardes- en Voorkeurevorm en 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif?

An Advance Health Directive is a legal document in WA that enables you to make decisions now about the treatment you would want – or not want – to receive if you ever became sick or injured and were incapable of communicating your wishes.

'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is 'n regsdokument in WA wat jou in staat stel om nou besluite te neem oor die behandeling wat verskaf of weerhou moet word as jy ooit siek of beseer word en nie in staat is om jou wense te kommunikeer nie.

The questions in this Values and Preferences Form are the same as in Part 3 of the Advance Health Directive. The Advance Health Directive has additional sections with questions relating to treatment decisions, including life-sustaining treatments.

Die vrae in hierdie Waardes- en Voorkeurevorm is dieselfde as in Deel 3 van die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif. Die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif het bykomende afdelings met vrae wat verband hou met behandelingsbesluite. Dit sluit lewensonderhoudende behandelings in.

Please note: If you wish to document decisions about life-sustaining treatments that you consent or do not consent to receiving, you should complete an Advance Health Directive instead.

Neem asseblief kennis: As jy besluite wil dokumenteer oor lewensonderhoudende behandelings waarvoor jy instem of nie instem om te ontvang nie, moet jy eerder 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voltooi.

How should my Values and Preferences Form be stored and shared? Hoe moet my Waardes- en Voorkeurevorm gebêre en gedeel word?

It is important that people close to you know that you have made a Values and Preferences Form and where to find it.

Dit is belangrik dat mense na aan jou weet dat jy 'n Waardes- en Voorkeurevorm gemaak het en waar om dit te kry.

Keep the original in a safe place. You can also store a copy online using [My Health record](#) (register and [upload your advance care planning document](#)).

Hou die oorspronklike op 'n veilige plek. Jy kan ook 'n afskrif aanlyn stoor op [My Health Record](#) (registreer en [laai jou dokument in verband met vooraf-versorgingsbeplanning op](#)).

You may choose to give a copy to your:

Jy kan kies om 'n afskrif te verskaf aan jou:

- family, friends and carers
- familie, vriende en versorgers
- enduring guardian(s) (EPG)
- voortdurende voog(de) (VMV)
- enduring attorney(s) (EPA)
- voortdurende volmag(te) (VVM)
- GP or local doctor
- huisdokter of plaaslike dokter
- other specialist(s) or health professionals
- ander spesialis(te) of gesondheidswerkers
- residential aged care home
- residensiële versorgingsfasiliteit vir bejaardes

- local hospital
- plaaslike hospitaal
- legal professional.
- regskenner.

Make a list of the people who have a copy of your form as this will be a good reminder of who to contact if you decide to change or cancel your document(s) in future.

Maak 'n lys van al die mense wat 'n afskrif van jou vorm het, want dit sal 'n goeie manier wees om te onthou wie om te kontak as jy besluit om jou dokument(e) in die toekoms te verander of te kanselleer.

Where can I get help or find more information? Waar kan ek hulp of meer inligting kry?

Visit healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning or contact the Department of Health WA Advance Care Planning Line for general queries and to order free advance care planning resources:

Besoek healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning of kontak die Departement van Gesondheid WA Vooraf-versorgingsbeplanning hulplyn vir algemene navrae en om gratis hulpbronne oor vooraf-versorgingsbeplanning te kry

Phone: 9222 2300


Skakel: 9222 2300

Email: acp@health.wa.gov.au

E-pos: acp@health.wa.gov.au

If English is not your first language, you may need help to understand and complete this form. Contact the National Accreditation Authority for Translators and Interpreters (NAATI). You can search for a translator or interpreter via the Online Directory at naati.com.au/online-directory. The contact details for NAATI is 1300 557 470 or info@naati.com.au.

As Engels nie jou eerste taal is nie, mag jy dalk hulp benodig om hierdie vorm te verstaan en te voltooi. Kontak die Nasionale Akkreditasie-owerheid vir Vertalers en Tolke (NAATI). Jy kan via die aanlyngids vir 'n vertaler of tolk soek. naati.com.au/online-directory. Die kontakbesonderhede vir NAATI is 1300 557 470 or info@naati.com.au.



My personal details

My persoonlike besonderhede

Full name

Volle naam

Date of birth

Geboortedatum

Address

Adres

Suburb

Voorstad

State

Staat

Postcode

Poskode

Phone number

Telefoon nommer

Email

E-pos

You do not need to complete every question in this form. Cross out any questions you do not want to complete.

Jy hoef nie elke vraag in hierdie vorm te voltooi nie. Trek enige vrae wat jy nie wil voltooi nie dood.

My major health conditions

My Belangrikste Gesondheidstoestande

Use this section to list details about your major health conditions (physical and/or mental).

Gebruik hierdie afdeling om besonderhede oor jou belangrikste gesondheidstoestande (fisies en/of geestelik) te lys.

Cross out this question if you do not want to complete it.

Trek hierdie vraag dood as jy hom nie wil antwoord nie.

Please list any major health conditions below:

Lys asseblief enige gesondheidstoestande hieronder:

My values and preferences

My waardes en voorkeure

When talking with me about my health, these things are important to me

Wanneer daar met my oor my gesondheid gepraat word, is die volgende vir my belangrik:

Use this section to provide information about what is important to you when talking about your treatment.

Gebruik hierdie afdeling om inligting te verskaf oor wat vir jou belangrik is wanneer jy oor jou behandeling praat.

This might include:

Dit kan insluit:

- How much do you like to know about your health conditions?
- Hoeveel wil jy graag van jou gesondheidstoestand weet?
- What do you need to help you make decisions about treatment?
- Wat benodig jy om jou te help behandelingsbesluite te neem?
- Would you like to have certain family members with you when receiving information from your health professionals?
- Wil jy sekere familieledede by jou hê wanneer jy inligting van jou gesondheidswerkers ontvang?

Cross out this question if you do not want to complete it.

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.

Please describe what is important to you when talking to health professionals about your health:

Beskryf asseblief wat vir jou belangrik is wanneer jy met gesondheidswerkers oor jou gesondheid praat:



These things are important to me

Die volgende is vir my belangrik:

Use this section to provide information about what 'living well' means to you now and into the future.

Gebruik hierdie afdeling om te verduidelik wat 'om goed te leef' vir jou nou en in die toekoms beteken.

This might include:

Dit kan insluit:

- What are the most important things in your life?
- Wat is die belangrikste dinge in jou lewe?
- What does 'living well' mean to you?
- Wat beteken 'om goed te leef' vir jou?

Cross out this question if you do not want to complete it.

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.

Please describe what 'living well' means to you now and into the future. Use the space below and/or tick which boxes are important for you.

Beskryf asseblief wat 'om goed te leef' nou en in die toekoms vir jou beteken. Gebruik die spasie hieronder en/of merk watter blokkies vir jou belangrik is.

Please describe:
Beskryf asseblief:

Spending time with family and friends
Om tyd saam met familie en vriende te spandeer

Living independently
Om onafhanklik te lewe

Being able to visit my home town, country of origin, or spending time on country
Om my tuisdorp of geboorteland te kan besoek of om op kulturele grond te kan wees

Being able to care for myself (e.g. showering, going to the toilet, feeding myself)
Om vir myself te kan sorg (bv. stort, toilet toe gaan, myself voed)

Keeping active (e.g. playing sport, walking, swimming, gardening)
Om aktief te bly (bv. sport, stap, swem, tuinmaak)

Enjoying recreational activities, hobbies and interests (e.g. music, travel, volunteering, pets, animals)
Om ontspanningsaktiwiteite, stokperdjies en belangstellings te geniet (bv. musiek, reis, vrywilligerswerk, troeteldiere, diere)

Practising religious, cultural, spiritual and/or community activities
(e.g. prayer, attending religious services)
Om deel te neem aan godsdienstige-, kulturele-, geestelike- en/of
gemeenskapsaktiwiteite (bv. gebed, bywoning van godsdienstige dienste)

Living according to my cultural and religious values (e.g. eating halal, kosher foods only)
Om te leef volgens my kulturele en godsdienstige waardes (bv. eet net halal, kosjer kosse)

Working in a paid or unpaid job
Om te werk in 'n betaalde of onbetaalde werk

These are things that worry me when I think about my future health

Hierdie dinge bekommer my as ek aan my toekomstige gesondheid dink

Use this section to provide information about things that worry you about your future health.

Gebruik hierdie afdeling vir inligting oor dinge wat jou bekommer oor jou toekomstige gesondheid.

If you become ill or injured in the future, what worries you most about what might happen?

As jy in die toekoms siek of beseer word, wat bekommer jou die meeste in verband met wat kan gebeur?

You may worry about being in constant pain, not being able to make your own decisions, or not being able to care for yourself.


Jy kan dalk bekommerd wees oor konstante pyn, die gebrek aan besluitnemingsvermoë of dat jy nie vir jouself kan sorg nie.

Cross out this question if you do not want to complete it.

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.

Please describe any worries you have about the outcomes of future illness or injury:

Beskryf asseblief enige bekommernisse wat jy het oor die uitkomst van toekomstige siektes of beserings:



When I am nearing death, this is where I would like to be

Wanneer ek die dood nader, is dit waar ek graag wil wees

Use this section to indicate where you would like to be when you are nearing death.

Gebruik hierdie afdeling om aan te dui waar jy graag wil wees wanneer jy die dood nader.

When you are nearing death, do you have a preference of where you would like to spend your last days or weeks?

Wanneer jy die dood nader, het jy 'n voorkeur oor waar jy jou laaste dae of weke wil deurbring?

Cross out this question if you do not want to complete it.

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.

Please indicate where you would like to be when you are nearing death. Tick the option that applies you. You can provide more detail about the option you choose in the space below.

Dui asseblief aan waar jy graag wil wees wanneer jy die dood nader. Merk die opsie wat op jou van toepassing is. Jy kan meer besonderhede verskaf oor die opsie wat jy verkies in die spasie hieronder.

I want to be at home – where I am living at the time
Ek wil by die huis wees – die huis waar ek op daardie stadium woon

I do not want to be at home – provide more details below
Ek wil nie by die huis wees nie – verskaf meer besonderhede hieronder

I do not have a preference – I would like to be wherever I can receive the best care for my needs at the time
Ek het nie 'n voorkeur nie – ek wil graag wees waar ek die beste versorging vir my behoeftes op daardie stadium kan ontvang

Other – please specify:
Ander - spesifiseer asseblief:

Please provide more detail about your choice:

Verskaf asseblief meer besonderhede oor jou keuse:

When I am nearing death, these things are important to me

Wanneer ek die dood nader, is hierdie dinge vir my belangrik

Use this section to provide information about what is important to you when you are nearing death.

Gebruik hierdie afdeling om inligting te verskaf oor wat vir jou belangrik is wanneer jy die dood nader.

- What would comfort you when you are dying?
- Wat sal jou vertroosting gee wanneer jy besig is om te sterf?
- Who would you like around you?
- Wie sou jy rondom jou wou hê?

Cross out this question if you do not want to complete it.

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.

Please describe what is important to you and what would comfort you when you are nearing death. Use the space below and/or tick which boxes are important for you.

Beskryf asseblief wat vir jou belangrik is en wat jou sal vertroos wanneer jy die dood nader. Gebruik die spasie hieronder en/of merk watter blokkies vir jou belangrik is.

Please describe:
Beskryf asseblief:

I do not want to be in pain, I want my symptoms managed, and I want to be as comfortable as possible. (Please provide details of what being comfortable means to you)

Ek wil nie pyn hê nie. Ek wil hê dat my simptome beheer word, en ek wil so gemaklik as moontlik wees. (Verskaf asseblief besonderhede van wat dit vir jou beteken om gemaklik te wees)

I want to have my loved ones and/or pets and/or other items around me
(Please provide details of who you would like with you)

Ek wil my geliefdes en/of troeteldiere en/of ander items rondom my hê (verskaf asseblief besonderhede van wie jy by jou wil hê)

It is important to me that cultural or religious traditions are followed
(Please provide details of any specific traditions that are important for you)

Dit is vir my belangrik dat kulturele of godsdienstige tradisies gevolg word (verskaf asseblief besonderhede van enige spesifieke tradisies wat vir jou belangrik is)

I want to have access to pastoral/spiritual care
(Please provide details of what is important for you)

Ek wil toegang hê tot pastorale/geestelike versorging (verskaf asseblief besonderhede van wat vir jou belangrik is)

My surroundings are important to me (e.g. quiet environment, music, photographs, being on Country, being close to home) (Please provide details of what is important for you.)

My omgewing is vir my belangrik (bv. stil omgewing, musiek, foto's, om op Kulturele grond te wees, om naby die huis te wees) (Verskaf asseblief besonderhede van wat vir jou belangrik is.)

Advance care planning related documents

Dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning

Use this section to list where and with whom you have stored/shared copies of your Values and Preferences Form and other advance care planning related documents. Cross out this question if you do not want to complete it.

Gebruik hierdie afdeling om te lys waar en met wie jy afskrifte van jou Waardes- en Voorkeurevorm asook ander dokumente verwant aan vooraf-versorgingsbeplanning gebêre/ gedeel het. Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.

They have a copy of my: Hulle het 'n afskrif van my:					
Details Besonderhede	Values and Preferences Form Waardes- en Voorkeurevorm	Advance Health Directive Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif	Enduring Power of Guardianship (EPG) Voortdurende Mag van Voogdy (VMV)	Enduring Power of Attorney (EPA) Voortdurende Volmag (VV)	Will Testament
Who else has a copy? Wie het nog 'n afskrif?					
My family, friends and carers My familie, vriende en versorgers					
Person 1 Persoon 1	Name Naam				
	Contact details Kontakbesonderhede				
Person 2 Persoon 2	Name Naam				
	Contact details Kontakbesonderhede				

My enduring guardian(s) My voortdurende voog(de)				
Enduring guardian 1 Voortdurende voog 1	Name Naam			
	Contact details Kontakbesonderhede			
Enduring guardian 2 Voortdurende voog 2	Name Naam			
	Contact details Kontakbesonderhede			
My health professionals My Gesondheidswerkers				
GP Huisdokter	Name Naam			
	Contact details Kontakbesonderhede			
Specialist/health professional 1 Spesialis/ Gesondheidswerker 1	Name Naam			
	Contact details Kontakbesonderhede			
Specialist/health professional 2 Spesialis/ Gesondheidswerker 2	Name Naam			
	Contact details Kontakbesonderhede			
Residential aged care facility Residentiële versorgingsfasiliteit vir bejaardes	Facility name Naam van fasiliteit			
	Contact details Kontakbesonderhede			
Local hospital Plaaslike Hospitaal	Hospital name Naam van hospitaal			
	Contact details Kontakbesonderhede			

continued
Voortgesit

**They have a copy of my:
Hulle het 'n afskrif van my:**

Details Besonderhede	Values and Preferences Form Waardes- en Voorkeurevorm	Advance Health Directive Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif	Enduring Power of Guardianship (EPG) Voortdurende Mag van Voogdy (VMV)	Enduring Power of Attorney (EPA) Voortdurende Volmag (VV)	Will Testament
-------------------------	--	--	---	--	----------------

**Online versions
Aanlyn Weergawes**

My Health Record My Gesondheidsrekord					
--	--	--	--	--	--

**Other people who have a copy
Ander mense met 'n afskrif**

It is important to make sure you know where your original advance care planning document(s) are so that you (and your family) can access them easily if needed. It may be useful to keep them all in the same place.

Dit is belangrik om seker te maak jy weet waar jou oorspronklike dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning is sodat jy (en jou gesin) maklik toegang daartoe kan kry indien nodig. Dit kan nuttig wees om hulle almal op dieselfde plek te hou.

Document Dokument	Where do I keep the original of my current advance care planning document(s)? Waar bêre ek my oorspronklike dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning?
Values and Preferences Form Waardes- en Voorkeurevorm	
Advance Health Directive Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif	
Enduring Power of Guardianship (EPG) Voortdurende Mag van Voogdy	
Enduring Power of Attorney (EPA) Voortdurende Volmag	
Will Testament	

Signing of Values and Preferences Form

Die teken van 'n Waardes- en Voorkeurevorm

- You are encouraged to sign this Values and Preferences Form. If you are physically incapable of signing this Values and Preferences Form, you can ask another person to sign for you. You must be present when the person signs for you.
- Jy word aangemoedig om hierdie Waardes en Voorkeurevorm te onderteken. As jy fisies nie in staat is om hierdie Waardes- en Voorkeurevorm te onderteken nie, kan jy 'n ander persoon vra om namens jou te teken. Jy moet teenwoordig wees wanneer die persoon namens jou teken.

This is my true record on this date and I request that my values, beliefs and preferences are respected.

Hierdie is my ware rekord op hierdie datum en ek versoek dat my waardes, oortuigings en voorkeure gerespekter word.

Signed by:

(signature of person making this Values and Preferences Form)

Onderteken deur:

(handtekening van persoon wat hierdie Waardes- en Voorkeurevorm voltooi)

Date: (dd/mm/year)

Datum: (dd/mm/jaar)

Or

Of

Signed by:

(name of person who the maker of the Values and Preferences Form has directed to sign)

Onderteken deur:

(naam van persoon wat deur die voltooiër van hierdie Waardes- en Voorkeurevorm aangesê is om te onderteken)

Date: (dd/mm/year)

Datum: (dd/mm/jaar)

In the presence of, and at the direction of:

(insert name of maker of Values and Preferences Form)

In die teenwoordigheid en leiding van:

(voeg naam in van voltooiër van Waardes- en Voorkeurevorm)

Date: (dd/mm/year)

Datum: (dd/mm/jaar)

This document can be made available in alternative formats on request for a person with disability.

Hierdie dokument kan op versoek in alternatiewe formate beskikbaar gestel word vir 'n persoon met 'n gestremdheid.

© Department of Health 2022

© Departement van Gesondheid 2022

Copyright to this material is vested in the State of Western Australia unless otherwise indicated. Apart from any fair dealing for the purposes of private study, research, criticism or review, as permitted under the provisions of the *Copyright Act 1968*, no part may be reproduced or re-used for any purposes whatsoever without written permission of the State of Western Australia.

Kopiereg op hierdie materiaal berus by die staat Wes-Australië, tensy anders aangedui. Afsien van enige billike hantering vir die doeleindes van private studie, navorsing, kritiek of hersiening, soos toegelaat ingevolge die bepalinge van die *Outeursregwet 1968*, mag geen deel gereproduseer of hergebruik word vir hoognaamd enige doeleindes sonder skriftelike toestemming van die Staat van Wes-Australië nie.